**Die Here het Hom oor Lot ontferm (OP151)**

**Gen 19:1-38**

**22 Oktober 2023**

Laasweek het ons besin oor Gen 18 wat leer dat die Here geoordeel het om dit nie vir Abraham as ‘n geheim te hou dat Hy beplan het om Sodom te verdelg nie. Ons het gesien dat die Here van Abraham verwag het dat hy tot ‘n seën vir die nasies moet wees, en ook dat hy sy kinders en huishouding moet leer om in geregtigheid voor die Here te leef. Vir beide hierdie verantwoordelikhede was dit belangrik dat Abraham ingelig moes wees oor die Here se oordeel. Abraham het op sy beurt met die Here geredeneer oor die regverdigheid van die Here se oordeel. Hy het in besonder daarop gefokus dat die Here tog sekerlik onderskeid moet maak in Sy oordeel tussen die regverdiges en die goddeloses. Die Here het met Abraham saamgestem – die Here het bevestig dat al is daar maar net 10 regverdiges in die stad, sal die Here nie die stad verwoes nie. Ons het vroeër in die Noagverbond geleer dat die Here Sy finale oordeel uitgestel het tot aan die einde van die tyd, maar wat ons uit Gen 18 geleer het, is dat die Here selfs voor die finale oordeel ook kan oordeel as ‘n meganisme om die tempo van toename in boosheid op die aarde te rem. Die Here doen dit egter nie ligtelik nie. Voor die finale oordeel, sal die Here eerder ‘n oordeel oor ‘n groep laat verbygaan, as om in die oordeel ook regverdiges te oordeel wat deel mag wees van die groep.

Vandag wil ek stilstaan by Gen 19. As gevolg van die lengte van die hoofstuk gaan ek dit nie vooraf lees nie. Ons gaan dit stuk-stuk lees, en na elke stuk wil ek ‘n paar opmerkings maak oor daardie paar verse, en daarna gaan ons besin oor wat ons uit die hoofstuk leer. In hierdie hoofstuk lees ons van die voltrekking van die Here se oordeel oor Sodom, soos wat die Here in Gen 18 aangedui het Hy beplan om te doen. Maar in die beskrywing van hierdie oordeel oor Sodom, is daar ‘n baie sterk fokus op die Here se handelinge met Lot – en dit is waarop ek vandag wil fokus.

Kan ek inleidend julle net kortliks herinner aan wat ons oor Lot geleer het in die voorafgaande hoofstukke: In Gen 11:27 het ons geleer dat Lot die seun was van Haran – Haran was natuurlik Abraham se broer, dus was Lot Abraham se broerskind. Maar Haran is vroeg oorlede, en Abraham het hom oor Lot ontferm. Toe die Here Abraham geroep het uit Ur van die Chaldeërs, het Lot saam met Abraham getrek na Haran toe (Gen 11:31). Nadat hulle vir ‘n wyle in Haran gewoon het, het Abraham verder getrek na die beloofde land – en Lot het saamgetrek (Gen 12:5). Nadat Abraham-hulle in die beloofde land aangekom het, was daar ‘n hongersnood, en Abraham het besluit om Egipte toe te gaan – en Lot het saamgegaan. Later, na die Here Abraham deur die farao gekonfronteer het, het Abraham terug getrek na die beloofde land – en Lot het saamgegaan (Gen 13:1). Lot was, net soos Abraham, voorspoedig en het baie kleinvee, beeste en tente gehad – met die gevolg dat sy en Abraham se paaie van mekaar moes skei. Abraham het Lot laat kies waar hy wou woon, en in Gen 13:11 het Lot die Jordaanstreek gekies omdat daar volop water was. Die streek het onder andere Sodom ingesluit. In Gen 14 het ons geleer hoe dat Lot saam met die koning van Sodom in gevangenskap weggevoer is, maar Abraham het vir Lot en die ander gevangenes bevry. En nou, in Gen 19, val die fokus weereens op Lot.

Kan ek ook nog die volgende opmerking maak voor ons na Gen 19 kyk: Toe ons na Gen 13 gekyk het waar Lot die Jordaanstreek as blyplek gekies het, het ek gesê dat die gebeure in Egipte tydens die hongersnood, aanleiding gegee het daartoe dat Abraham se geloof gegroei het, maar Lot s’n nie. Ons het gesien dat Lot bloot gefassineer was deur die volop water in die Jordaanstreek, en daarom het hy dit gekies, sonder om ag te slaan op die sonde van Sodom wat ook in die gebied was. Ek het destyds die opmerking gemaak die rede hiervoor was dat die Here Abraham in Ur geroep het, en nie

vir Lot nie – en daarom het Abraham in Egipte in sy geloof gegroei, maar Lot nie. Ek glo ons leer in Gen 19 oor verdere ontwikkelinge in Lot se verhouding met die Here. Kom ons kyk daarna.

Die historiese gebeure met Lot in Gen 19

Soos wat ons deur die gebeure in Gen 19 werk, gaan ek telkens uitlig waar Lot se optrede hetsy bemoedigend of bekommerenswaardig is.

Lees Gen 19:1-3. Let op die volgende: In Gen 13:12 lees ons dat Lot nadat hy van Abraham geskei het, sy tente tot by Sodom opgeslaan het. In Gen 14:12 lees ons dat Lot in Sodom gewoon het. En nou, in Gen 19:1, lees ons dat Lot in die stadspoort van Sodom gesit het. Die stadspoort is tipies waar die leiers van die stad regsake en ander sake bespreek het – ons kan dus aflei Lot was nou deel van die leierskap in Sodom. Soos wat die geskiedenis vorder, word dit duidelik dat Lot al hoe intiemer met Sodom omgegaan het – en natuurlik is dit ‘n bekommernis.

Ons lees dat toe die engele daar aangekom het, het Lot hulle tegemoetgegaan, en laag met sy gesig teen die grond voor hulle gebuig – dit is soortgelyk aan Abraham se reaksie toe die manne hom besoek het in Gen 18:2. Boonop nooi Lot hulle uit om by hom tuis te gaan, en as hulle aanvanklik weier, dan dring hy selfs by hulle aan om by hom te bly. Uit die laaste gedeelte van vers 8 lyk dit of Lot vermoed het dat hulle lastig geval sou word deur die inwoners van die stad as hulle in die oop ruimte in die stad sou oornag. Dit is heel bemoedigend dat Lot, soortgelyk aan Abraham in Gen 18, die besoekers so gasvry ontvang. Soos wat Abraham ten minste aanvanklik onwetend engele gehuisves het, so is dit ook nou die geval met Lot. Soos wat Abraham ‘n feesmaal vir hulle voorberei het, so berei Lot nou ook ‘n maaltyd vir hulle voor. Dit is sekerlik so dat Abraham ‘n meer indrukwekkende maaltyd voorberei het as Lot se maaltyd van ongesuurde brood – maar al met al is dit tog bemoedigend hoe Lot die manne ontvang het: dit skep die indruk Lot het iets by Abraham geleer in al die jare wat hy by hom gebly het.

Lees Gen 19:4-5. Let op hoe ons in hierdie verse lees dat al die manne, jonk en oud, by Lot se huis aangekom het – dit is duidelik ‘n aanduiding van hoe algemeen die sonde in die stad was. Hulle dring juis daarop aan dat hulle gemeenskap met Lot se besoekers wou hê. Hulle wou hulle dus skuldig maak aan homoseksuele verkragting – wat ‘n gruwel is in die oë van die Here. In Lev 18:22 word dit as afstootlik beskryf, en Nuwe Testamentiese gedeeltes soos Rom 1:26-27, 1 Kor 6:9 en 1 Tim 1:10 veroordeel dit ook ten sterkste. Ons kan begin verstaan hoekom die Here beplan het om die stad te verwoes.

Lees Gen 19:6-8. Lot gaan uit om die inwoners van die stad te konfronteer. Hy pleit by hulle dat hulle tog nie iets slegs aan sy besoekers moet doen nie. Hierdie optrede van Lot is bemoedigend – aan die een kant tree hy op ter beskerming van sy besoekers, en aan die ander kant konfronteer hy juis die inwoners van die stad – hy sê dit wat hulle wil doen, is sleg. Hy veroordeel hulle verkeerde optrede. Onthou wat ons laasweek gesien het – die Here wil hê dat Abraham vir die nasies tot seën moet wees. Wel, ten minste spreek Lot die inwoners aan oor hulle slegte planne. Maar in hierdie verse is ook groot rede tot kommer in Lot se optrede: hy bied sy dogters aan die manne van die stad aan in ruil vir sy besoekers! Ja, Lot spreek die inwoners aan oor hulle gruwelike planne, maar hy stel dan ‘n ander gruwelike plan voor. Dit blyk Lot wil hulle nie net veroordeel nie – hy wil darem steeds in tel wees by hulle, al moet hy sy dogters in die proses vir die wolwe gooi. Dit alles is natuurlik die gevolg van sy ondeurdagte besluit in Gen 13 om die Jordaanstreek te kies ter wille van die water, en die gevolg van sy geleidelik al intiemer verhouding met Sodom. Nou het hy ‘n keuse tussen een van twee euwels. Dit is wat Jak 1 oor praat: die begeerte het bevrug geraak, en nou bring dit sonde voort.

Lees Gen 19:9. Ons moet Lot darem dit gelyk gee: die inwoners van die stad het geweet dat hy hulle optrede veroordeel.

Lees Gen 19:10-11. Maar Lot het nie veel effek op die inwoners van die stad nie. Dit is ironies dat terwyl Lot poog om sy besoekers te beskerm teen die inwoners van die stad, word dit sy besoekers wat hom beskerm teen die inwoners: Hulle trek lot terug in die huis in, sluit die deur en tref die manne buite met blindheid – met die gevolg dat hulle opgee om Lot se besoekers in die hande te kry.

Lees Gen 19:12-14. Lot se besoekers lig hom nou in oor wat die Here se plan met die stad is – die Here het hulle gestuur om die stad te verdelg, omdat die noodkreet oor die stad by die Here groot is. Duidelik is die engele van die Here ook nou oortuig hoe groot die sonde van die stad is – en daarom moet die Here se oordeel nou volg. Lot beskik nou oor dieselfde inligting wat Abraham in Gen 18 ontvang het – die Here gaan die stad verdelg. En gevolglik, sê die engele, moet hy al sy mense uit die stad uitlei – skoonseuns, seuns, dogters of wie ook al. Dit is bemoedigend dat Lot hierop reageer – en hy gaan konfronteer sy skoonseuns. Onthou, Abraham moes ook sy kinders en huishouding leer van die komende oordeel van die Here – dit is bemoedigend dat Lot juis dit doen. Dit is egter 'n bekommernis dat sy skoonseuns gedink het hy skeer die gek – dit lyk nie of Lot veel effek gehad het op hulle nie, soos wat hy ook nie 'n effek op die inwoners van Sodom gehad het nie.

Lees Gen 19:15-16. Teen die volgende oggend, word die boodskap van Lot se besoekers al hoe meer dringend: Hy moet opstaan en sy vrou en sy dogters wegvat, anders word hulle meegesleur in die oordeel. Toe Lot nog huiwer, gryp die mans hom, sy vrou en sy twee dogters aan die hand, en lei hom uit die stad uit. Natuurlik is Lot se huiwering selfs op hierdie laat stadium bekommerenswaardig. Let op: hulle het dit gedoen want die Here het Hom oor Lot ontferm – ons kom later terug hiernatoe.

Lees Gen 19:17-20. Buite die stad, sê een van die mans vir Lot hulle moet vlug vir hulle lewe, hulle moet nie terugkyk nie, hulle moet uit die Jordaanstreek vlug na die berge toe. Maar steeds is Lot huiwerig – hy onderhandel met die besoekers: hy wil eerder na 'n klein dorpie, Soar, gaan as om na die berge te vlug. Soar was steeds in die Jordaanstreek. Soar moes ook deur die oordeel van die Here getref word. Maar Lot redeneer dit is mos maar 'n klein dorpie, dan kan die hoeveelheid sonde daar darem nie te erg wees nie. Lot is nie bereid om sy lewe in 'n dorp/stad op te gee om in die berge in te vlug nie. Lot se optrede is steeds 'n bekommernis. Ja, in Gen 18 het Abraham ook met die Here onderhandel – maar hy het met die Here gepraat oor die bewaring van regverdiges te midde van die Here se oordeel. Lot doen iets anders: hy pleit dat die Here Soar, wat ook verdelg moes word, moet spaar, sodat hy daar kan gaan bly – weliswaar 'n kleiner dorpie as Sodom, maar steeds 'n dorp onder die oordeel van die Here.

Lees Gen 19:21-22. Die Here, wat waarskynlik deur een van die engele praat, gee toe aan Lot se versoek – Soar sal nou gespaar word in die oordeel, want Lot gaan daar woon.

Lees Gen 19:23-26. Hier tref die Here se oordeel Sodom, Gomorra en die Jordaanstreek. Al die inwoners en ook wat uit die grond spruit word getref met swael en vuur wat vanuit die hemel op hulle neerreën. Ten spyte van die spesifieke opdrag van die engele dat hulle nie moet omkyk nie, doen Lot se vrou dit tog wel – waarskynlik omdat sy nie wil opgee op die lewe in Sodom nie. Die gevolg is dat sy 'n soutpilaar geword het. Dit is bekommerenswaardig dat Lot 'n gebrekkige effek op sy huishouding en selfs op sy vrou gehad het. Al het die sonde van die stad hom ontstel, het dit haar blykbaar nie ontstel nie. Ons weet nie presies wat haar herkoms was nie, maar moontlik was sy uit Sodom, en het daar heeltemal tuis gevoel. Lees Luk 17:30-32. Hier word Lot se vrou deur die Here

Jesus gebruik as ‘n voorbeeld van mense wat selfs op die dag van Jesus se wederkoms sal wil terugdraai om aardse besittings te probeer red – duidelik is dit waansinnig, soos wat dit waansinnig was vir Lot se vrou om te wil teruggaan na Sodom nadat sy sopas daaruit gelei is, en die Here se oordeel besig is om die stad te tref.

Lees Gen 19:27-29. Vroeg daardie oggend is Abraham terug na die plek waar Hy met die Here gepraat het oor Sy oordeel. Vandaar af sien hy dat die Here se oordeel inderdaad vir Sodom, Gomorra en die Jordaanstreek getref het. Vers 29 voeg by: Tydens die oordeel van die Here oor die stede, het die Here aan Abraham gedink – en die gevolg daarvan was dat die Here Lot uit die oordeel weggestuur het. Ons kan dus aflei dat dit Abraham se intrede vir die regverdiges in Gen 18 was, wat aanleiding gegee het daartoe dat die Here vir Lot uit die stad gelei het. Ons kom ook netnou terug hierna.

Lees Gen 19:30. Hier lees ons dat Lot uit Soar weggetrek het, en in die bergland gaan woon het. Dit is verstommend: Die engele het gesê hy moet in die berge gaan woon, maar hy het gevra om in Soar te bly. Nou het hy besluit om Soar te verlaat, en in die berge in ‘n grot te gaan bly. En die rede was: hy was bang. Waltke spekuleer Lot was bang dat die oordeel van die Here dalk tog ook Soar sal tref – immers was dit deel van die stede wat die Here wou verwoes. Al het die Here hom bewaar en spesifiek uit Sodom gelei tydens die oordeel oor daardie stad, is Lot nie seker of die Here hom in Soar sal spaar nie. Steeds is Lot se gedrag bekommerenswaardig.

Ek gaan nie deur Gen 19:31-38 lees nie. In die verse lees ons hoe Lot se twee dogters bekommerd is oor ‘n nageslag, siende dat hulle nou alleen saam met hulle pa in ‘n grot in die berge woon. Hulle beraam gevolglik ‘n plan om Lot dronk te maak, en elkeen van hulle gaan slaap by hulle pa en word swanger. Kinders word vir beide gebore – en hierdie kinders is die stamvaders van die Moabiete en Ammoniete.

Voor ons oor die betekenis van hierdie gebeure dink, wil ek net kortliks twee sake uitlig:

- Die perspektief van 2 Pet 2:6-9 op hierdie gebeure: Lees saam met my 2 Pet 2:6-9. Die fokus van Petrus in hierdie hoofstuk, is dat gelowiges kan verwag om met vals leraars gekonfronteer te word wat die gelowiges sal wil uitbuit. Maar, redeneer Petrus, die Here weet baie goed hoe om godvresende gelowiges uit hierdie versoekings te red. Petrus gebruik onder andere Lot as ‘n voorbeeld van iemand wat so gered is. Hy verwys juis na die vernietiging van Sodom en Gomorra in vers 6 – hy verwys dus na die gebeure in Gen 19. In vers 7 beskryf Petrus dat Lot gekwel was deur die onsedelike leefwyse van beginsellose mense in Sodom. Ons lees Lot se siel is gepynig deur dit wat hy gesien en gehoor het toe hy onder hierdie mens gewoon het – ons het dit byvoorbeeld gesien in Gen 19 toe hy die inwoners van Sodom geoordeel het oor hulle plan met sy besoekers. Maar let op: beide verse 7 en 8 verwys na Lot as regverdig – dit beteken Lot is ‘n gelowige. Uit vers 7 blyk dit dat Lot deur die Here gered is deur die feit dat hy ontsteld was oor die onsedelike leefwyse van die mense van Sodom. Sodom se onsedelikheid was dus ‘n instrument wat die Here gebruik het om Lot te red. Nou kan ons verstaan hoekom Lot uit Sodom uit gelei moes word voor Sodom se vernietiging, want in Gen 18 het ons geleer dat die Here nie regverdiges sal oordeel saam met die goddeloses nie.
- Die handelinge van die Here in Gen 19: Alhoewel daar baie dinge gebeur in Gen 19, wil ek uitlig dat ons 4 keer in die hoofstuk lees van ‘n spesifieke aksie van die Here:
    - Twee keer handel dit oor die feit dat dit die Here is wat gaan oordeel: In vers 13b lees ons dat die Here die engele gestuur het om die stad te verdelg, en in vers 24 dat die Here swael en vuur op Sodom, Gomorra en die Jordaanstreek laat reën het.

- In vers 16 lees ons dat toe Lot nog huiwer om uit die stad te gaan, het die mans hom aan die hand gegryp – omdat die Here Hom oor Lot ontferm het.
- In vers 29 lees ons in die oordeel het God aan Abraham gedink, en Lot uit die oordeel weggestuur.

Opsommend: Uit 2 Petrus blyk dit Lot was 'n regverdige – die Here het hom juis gered deur hom te konfronteer met die onsedelikheid in Sodom. In Gen 19 is daar drie spesifieke handelinge van die Here: Hy het geoordeel, Hy het Hom oor Lot ontferm, en Hy het aan Abraham gedink en Lot uit die oordeel weggestuur.

Hoe het die Here vir Lot gered?

Uit 2 Petrus weet ons die Here het Lot in Sodom gered. Ek glo die Here het Lot gedurende die gebeure in Gen 19 gered, en nog meer spesifiek, die Here het Lot gered in Gen 19:16. Kom ek probeer dit motiveer.

Al het Lot saam met Abraham uit Ur getrek, uit Haran getrek en uit Egipte getrek, het ons in Gen 13 gesien hoedat Lot meer besorgd was oor die volop water in die Jordaanstreek, as oor die gevaar van die onsedelikheid in Sodom – en daarom het hy die Jordaanstreek gekies. Ons het destyds gesê dit is belangrik om raak te sien dat Abraham in Ur deur die Here geroep is, nie Lot nie – in Gen 13 was Lot dus nog nie deur die Here geroep nie. Ja, Lot het baie blootstelling gehad aan Abraham en baie geleer van Abraham, en gesien hoe Abraham in die geloof groei – natuurlik was dit alles genade van die Here in Lot se lewe, maar Lot was steeds meer gefassineer deur die potensiaal van volop water, as die gevaar van Sodom. In elk geval, hy was ryk en suksesvol – weereens die resultaat van die genade van die Here, maar die gevolg was Lot het nie 'n besondere behoefte aan die Here gehad nie – solank hy maar net water kon kry.

Geleidelik het Sodom Lot ingetrek: eers woon hy by Sodom, later in Sodom, en in Gen 19 is hy deel van die leierskap van Sodom. Uit 2 Pet blyk dit dat die onsedelikheid van Sodom, Lot gekwel het. Waarskynlik het die jare wat hy saam met Abraham geleef het, hom geleer dat sulke goddeloosheid en onsedelikheid erg is. Hy moes seker gedink het hoe drasties die Here teen die farao opgetree het toe hy Sara as vrou geneem het. Die onsedelikheid in Sodom is baie erger. Weereens 'n genadewerk van die Here in Lot oor baie jare om ten minste gekwel te wees oor die onsedelikheid. Iewers in Lot se onderbewussyn pla dit hom. Maar hy dryf dit nie op die spits nie.

Dan kom besoek die twee manne Sodom in Gen 19. Lot het by Abraham geleer om gasvry te wees. En hy weet immers hoe onsedelik die manne van Sodom is. So, hy tree uit ordentlikheid op en dring aan die manne moet by hom tuisgaan. Alhoewel Lot se optrede belowend lyk, word dit later die aand duidelik alles is nie pluis nie: wanneer die manne van Sodom aandring om sy besoekers te verkrag, konfronteer Lot hulle oor hulle verkeerde optrede, maar dan bied Lot hulle sy dogters aan. Ja, die onsedelikheid kwel Lot, maar hy wil darem ook nie heeltemal in onguns by Sodom raak nie – hy sal eerder sy dogters prysgee.

Maar dan betoon die Here weer genade aan Lot: die besoekers trek hom terug in die huis en tref die manne van Sodom met blindheid. Dan kom die oproep tot Lot: Hy moet sy familie bymekaarmaak en uit Sodom gaan, want die Here gaan die plek verdelg. Hierdie oproep is sekerlik 'n genadehandeling van die Here – 'n direkte konfrontering van Lot. Dit lyk of dit die gewenste effek het – Lot gaan praat met sy skoonseuns en probeer hulle oortuig om saam te kom. Maar hulle lag vir Lot. En weer dryf Lot dit nie op die spits nie.

Teen dagbreek kom die volgende oproep na Lot: "Staan op! Neem jou vrou en twee dogters – anders word julle meegesleur in die oordeel." Weereens 'n genade oproep, maar weereens huiwer Lot.

En dan: Die mans gryp Lot aan die hand, en lei hom uit Sodom uit! Die roeping van die Here kom in vers 15 deur die besoekers. Maar as Lot nog huiwer, dan word hy in vers 16 as't ware uit Sodom gesleep. Onthou wat ons oor Abraham se roeping gesê het – die Here se roeping is effektief. Die roeping van Lot is ook effektief – as dit dan nodig is, word hy uit Sodom gesleep! Hoekom het die mans dit gedoen? Vers 16 sê: Want die Here het Hom oor Lot ontferm! Hier bereik die genade van die Here 'n klimaks in Lot se lewe. Na jare van blootstelling aan die genadewerk van die Here, na jare van wonder oor die onsedelikheid in Sodom, na hy nog huiwer as die Here hom direk roep om uit Sodom te gaan, sleep die Here hom in Sy ontferming uit Sodom uit. Die roeping kom van die Here. Die roeping is effektief. Die Here bewerk Lot se verlossing – selfs al is hy huiwerig. Dit is die Here wat Lot gered het.

Wat ons nie moet miskyk nie, is dat Lot se redding plaasvind 'n dag of wat na Abraham vir Lot gebid het. Die gebede van gelowiges vir geliefdes is ingeweef in die plan van die Here vir hulle verlossing.

Maar wat gebeur nou na Lot deur die Here geroep, en uit Sodom gelei is? Is alles nou voorspoed vir Lot? Die antwoord is: Nee. Direk begin Lot onderhandel om nie die voordele van Sodom prys te gee nie – hy wil eerder in Soar gaan bly. Die Here laat hom toe in Sy genade. Maar dan word Lot bang in Soar – as die Here Sodom nie gespaar het nie, sal Hy Soar spaar? En dan gaan woon hy in 'n grot in die berge – soos wat die Here van die begin af gesê het – in die proses leer Lot gehoorsaamheid. Onthou hoe ryk Lot in Gen 13 was met beeste, kleinvee en tente – nou is dit net hy en sy twee dogters in 'n grot. En selfs sy dogters verval in onsedelikheid – met Lot! En die gevolg is dat die Moabiete en Ammoniete ontstaan uit die nageslag van Lot. Hierdie gebeure na Lot uit Sodom gelei is, was die pad van heiligmaking wat Lot moed loop. En die pad van heiligmaking vir Lot na sy roeping deur die Here was nie maklik nie.

Kom ons vergelyk die paaie wat die Here met Abraham en Lot geloop aan die een kant tot met hulle roeping, en aan die ander kant ook na hulle roeping, d.w.s die pad van heiligmaking wat hulle beide moes loop: Beide is deur die Here geroep. Alhoewel Abraham voor sy roeping 'n afgodsdienaar was, het Abraham egter direk gehoorsaam gereageer op sy roeping, en getrek. Lot, daarenteen, het jare van blootstelling gehad aan die genade van die Here, en ook jare van blootstelling aan die goddeloosheid van Sodom. En selfs na dit alles, toe die Here hom roep, huiwer hy. En die Here moet hom uit Sodom sleep. Abraham het vinnig gehoorsaam gereageer op sy roeping. Vir Lot was jare van voorbereiding nodig, en selfs toe die Here hom roep, moet die Here hom uit Sodom sleep. Kom ons vergelyk die pad van heiligmaking wat hierdie twee manne moes loop: Abraham het ook geworstel – dink maar aan die hongersnood en sy vlug na Egipte. Maar sy geloof het daardeur gegroei. Hy het geworstel met die vervulling van die beloftes van die Here, maar die Here was hom genadig en het sy geloof versterk – Hy het 'n verbond met Abraham gesluit en Hy het selfs aan hom die teken van die verbond gegee. Ja, Abraham het ook deur worsteling gegroei na sy roeping. Maar Lot worstel baie meer – dit is vir hom moeilik om Sodom net summier op te gee, hy kies eers Soar. Maar eventueel bereik hy die punt om Soar te verlaat en berge toe te gaan – so leer hy ook gehoorsaamheid. Hy verloor al sy aardse besittings en eindig in 'n grot _ Abraham het nie dit alles prysgegee nie. Abraham het 'n vrou gehad wat hom ondersteun het en ook ywerig was om die beloftes van die Here in vervulling te sien gaan, maar Lot se vrou het in 'n soutpilaar verander. Ja, Abraham het beide Isak en Ismael as kinders gehad – maar ten minste was daar seën van die Here op die nageslag deur Isak. Lot se nageslag kom deur sy dogters wat by hom swanger word – en hulle is die stamvaders van volke wat in vyandskap met Abraham se nageslag lewe. Lot het 'n baie moeiliker pad van heiligmaking gehad om te loop, as Abraham. En baie van hierdie moeilike pad wat

Lot moes loop, kan toegeskryf word aan die swak keuse wat hy gemaak het om die Jordaanstreek met water te kies.

Die punt is: die Here werk in 'n sekere sin op dieselfde manier met gelowiges: almal moet deur die Here uitverkies wees, almal moet deur die Here geroep word, almal moet in die Here glo, almal moet geregverdig word, almal moet heilig gemaak word. Maar die detail van hoe die Here elkeen van hierdie stappe in verskillende gelowiges se lewens uitwerk, kan dramaties verskil. Sommiges reageer vinnig, ander spook en spartel. Maar: as die Here jou uitverkies het, sal jy tot geloof kom – ongeag van wat nodig is om jou by daardie punt te bring.

Kan ek ook ten slotte nog die punt maak: In ons bestudering van Abraham, het ons gesien dat die Here klem plaas op Abraham en sy huishouding. Dink byvoorbeeld aan Abraham wat al die mans in sy huishouding moes besny, of aan Abraham wat sy kinders en sy huishouding moes onderrig. Ons sien dieselfde in Gen 19. In vers 12 vra die manne spesifiek wie van Lot se mense nog in die stad is – en hulle verwys spesifiek na skoonseuns, seuns, dogters of iemand anders, hulle vra dus spesifiek na familielede. In vers 16 gryp die manne Lot, sy vrou en sy twee dogters aan die hand en lei hulle almal uit die stad – weer 'n fokus op Lot se familie. Maar let op, die skoonseuns is in Sodom agtergelaat – hulle het immers gedink Lot skeer die gek. Lot se vrou verander in 'n soutpilaar op pad uit Sodom uit. Lot se dogters se optrede laat ons wonder oor waar hulle werklik staan – het hulle dalk net saam met Lot uit Sodom gegaan, soos wat Lot destyds saam met Abraham uit Ur getrek het? Ons sien dit ook by Abraham: Ismael is ook Abraham se seun, hy is selfs besny – maar sover ons weet het hy verlore gegaan. Hoe moet ons dit alles verstaan? Wat ons moet raaksien is dat die Here daarvan hou om in families en gesinne te werk – Hy werk nie uitsluitlik net in gesinne nie (Abraham moes ook 'n seën vir die nasies wees), maar Hy werk graag in gesinne. Hy stel gesinne bloot aan Sy verlossing en Sy verbond – maar Hy red individue. Hy roep individue en bring individue tot geloof. Hy red Abraham, Sara, Isak en Lot, maar nie Ismael nie, en nie Lot se vrou nie.